

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 5

Inleiding

In hoofstuk 4 word die Here beskryf waar Hy van sy ewige troon af oor alles regeer.

- Hoofstuk 5 openbaar wat die Lam by die troon van God doen. *(Eksodus 12: die jaaroudlam wat voorberei is, was die simbool van Jesus. Hy is die Lam wat onskuldig “geslag” is tot ons redding. Hierdie simbool is by die kruisiging vervul. Daarom gaan die lam by die pasga oor in die brood en die wyn by die nagmaal.)*
- Die Lam voer die ewige raadsbesluite van God se verlossing uit.

Dit gebeur omdat die Lam die enigste Wese is wat die ver-seëldde boek – raadsplan van God – kan ontsluit en uitvoer. *(Met die oopmaak van die boek kan die raadsvervulling uitgevoer word.)*

- Baie merkwaardig openbaar die Here dat die Lam nie die inhoud van die boek voorlees sodat almal kan hoor wat daarin staan nie.
- Hy doen alles wat daarin staan – Hy voer die raadsplan van God tot in die fynste besonderhede uit.

Die inhoud van die boek handel hoofsaaklik oor die hele gedeelte van die tyd van die Here Jesus se geboorte af tot met die wederkoms en wat alles daarmee saam gebeur – die neerdaal van die Nuwe Jerusalem en die bruilof van die Lam. *(Openbaring 12 is daarteenoor ’n samevatting van die duiwel se werk van die skepping tot en met die wederkoms.)*

Dié gedeelte van die openbaring van God is vir ons baie belangrik, want dit laat vir ons die noodsaak daarvan verstaan dat die Seun van God mens moes word.

- As Hy nie mens geword het nie, het Hy nie versoening vir ons bewerk nie.
- Dan het die wêreldgeskiedenis ook nie ontwikkel om op die wederkoms uit te loop nie.
- Dan het die oprigting van die koninkryk van God en die neerwerping van die satan en sy trawante (= die bose) ook nie waar geword nie.

Vers 1

En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, ’n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël. (Openbaring 5:1 AFR53)

Die gesig is net ’n verdere uiteensetting van die vorige gesig waar die Vader op die troon is.

Johannes is dus ook nog steeds in die toestand waarvan hy skryf in hoofstuk 4:1, 2:

Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, ’n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos ’n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná

hierdie dinge moet gebeur. En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon.

(Openbaring 4:1, 2 AFR53)

Hy is dus nog steeds in die Gees en hy sien nog steeds die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge. Maar hy sien meer as dit:

- Hy sien hoe Hy wat op die troon is sy hand uitsteek – Hy het 'n boek in sy hand!
- Meteens sien Hy dat die Lam ook by die troon is. Dit het hy tot nou toe nog nie gesien nie!

Die boek wat Johannes sien, is nie 'n boek soos wat ons dit ken nie.

- Dit is 'n boekrol.
- Hoe weet ons dit? Omdat Johannes dieselfde woord gebruik in Openbaring 6:14 – en daaruit is dit duidelik dat hierdie boek wat God die Vader aan die Seun oorhandig, 'n boekrol is.

... en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; ... (Openbaring 6:14 AFR53)

... van binne en van buite beskrywe ...

Normaalweg word net op die een kant van 'n boekrol (per-kamentrol) geskryf. Dit word gedoen in kolomme wat langs mekaar neergeskryf word.

- Die rede daarvoor is dat die leer (vel) wat hulle daarvoor gebruik het, aan die binnekant (die vleiskant van die vel) te veselrig was dat daar maklik en mooi op geskryf kon word.
- Daarom het hulle gewoonlik net op die buitekant geskryf – die kant waar die hare van die vel dan afgemaak was.
- Nadat dit vol geskryf was, is dit so opgerol dat die geskryf-de gedeelte aan die binnekant was. So word die skrif dan nie so maklik beskadig nie (*byvoorbeeld deur die sweet van hande*).
- Daarna word dit verseël of vasgemaak met 'n tou van die een of ander aard.

Hierdie boekrol wat op die Here se hand gelê het, was anders as die gewone/standaardboekrol.

- Dit was binne en buite vol beskryf – nie net op die een kant nie.
- Dit openbaar 'n hele paar dinge:
 - Die eerste is dat die Here dinge anders (buiten-gewoon) doen as die normaal menslike – sy boek word aan beide kante beskryf, want sy vermoëns is beter as ons s'n. Hy kan 'n boek maak waarop aan albei kante geskryf kan word.
 - Die tweede is dat die raad van God ontsaglik groot en vol is – daarom is die boek binne en buite beskryf.
 - Dit openbaar ook die omvattendheid van die wêreldgeskiedenis soos dit deur God beplan is.

Wat hierdie boek (*bevat die totale geskiedenis*) verder onderskei van 'n gewone boekrol is dat dit met sewe seëls verseël is.

- Die sewe seëls is ook op so 'n manier aangebring dat elkeen van hulle 'n stuk van die raadsplan van God openbaar wanneer dit losgemaak word.
- Nadat elkeen van die sewe seëls losgemaak is, kon daar verder in die boek (raadsplan van God) gelees en die raadsplan van God uitgevoer word.

- God is dus steeds in volle beheer van die raadsplan van die hele wêreld!
(47:9) **God regeer oor die nasies; God sit op sy heilige troon.** (Psalm 47:8 AFR53)
(15) **Geregtigheid en reg is die grondslag van u troon; goedertierenheid en trou gaan voor u aangesig uit.**
(Psalm 89:14 AFR53)

Die feit dat die boek verseël is, openbaar ook dat dit nie enigeen is wat in die raadsplan van God kan ingaan nie – nie om dit te lees (met ander woorde uit te vind) nie en ook nie om dit uit te voer nie.

Net die Lam van God kan dit doen, want in die hele skepping is dit Hy alleen wat daartoe in staat is.

Die groot saak is dat die Een wat die boek se seëls kan oopmaak, die inhoud moet uitvoer!

Vers 2

En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek? (Openbaring 5:2 AFR53)

... met 'n groot stem uitroep – hard skree. Dus, nie eers die satan kan sê God het dit in die geheim gedoen nie.

Die bewys dat niemand anders as die Lam die boek kon ontvang en oopmaak nie, word verder duidelik uit wat Johannes toe sien gebeur.

- Daar is meteens 'n sterk engel (*beïndruk Johannes – dus is alle engele nie ewe sterk nie*) – waar kom hy vandaan? Tog sien hy glad nie kans om die boek se seëls oop te maak nie.
- Hy roep baie hard: **Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?**

Die bedoeling van die harde/groot stem is dat die uitnodiging om hierdie boek te vat en sy seëls oop te maak deur die hele skepping gehoor moes word. (*Alles en almal hoor dit.*)

- Niemand moes later kom sê dat hy nie gehoor of geweet het van hierdie uitnodiging nie!
- Vraag: Waar was die satan? Hy het tog ook hierdie uit-nodiging gehoor. Hy het gedink dat hy God kan wees! Waarom het hy nie probeer nie? Of het hy toe al beseef hoe 'n ellendeling hy is? (*Johannes gee nie antwoorde op hierdie vrae nie!*)

Die engel kondig dus aan dat die tyd ryp is om die verlos-singsraad van die Here bekend te maak.

- Daarom moet iemand gesoek word wat in staat is om die seëls oop te maak en die raad bekend te maak.

Let op dat daar twee vereistes is:

- Die een is die oopmaak van die boek.
- Die tweede een is dat die seëls eers gebreek moet word voordat die boek oopgemaak kan word.

Dit moet dus iemand wees wat kan oopmaak wat God verseël het. Dit kan net God self wees wat kan oopbreek wat Hy self verseël het.

Vers 3

En niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie.

(Openbaring 5:3 AFR53)

Aantekening: Die vers impliseer daar was wesens wat dit probeer doen het maar nie kon regkry nie.

Geen engel (of duiwel = gevalle engel) of mens of troongees of wat ook al kon die raad van die Here ontsluit nie!

- Die woorde **onder die aarde** beteken dat selfs niemand uit die doderyk in staat was om die boek oop te maak nie.
- Die implikasie van hierdie vers is dat letterlik alle vorme van lewe (engele, mense, lewende wesens en dooies) gesien en toegekyk het toe die Here se hand die boek uitgehou het wat oopgemaak moes word.

Daar was en is net gewoon geen wese – behalwe die Lam – wat God se boek met die raadsplan kon ontvang of oopmaak, bekendmaak en uitvoer nie!

Vers 4

En ek het baie geween, omdat daar niemand waardig bevind is om die boek oop te maak en te lees of daarin te kyk nie. (Openbaring 5:4 AFR53)

Johannes het presies verstaan wat dit beteken dat niemand die boek van die Here kon oopmaak en uitvoer nie.

- As iemand nie die boek vat en die seëls oopmaak en die inhoud in werking stel nie,
- gaan die wêreldgeskiedenis nie ontwikkel nie, en
- die koninkryk van God ook nie kom nie.
- Dan gaan die heerlijkheid van God ook nooit aan die mens-dom geopenbaar word nie.
- Die nuwe hemel en die nuwe aarde gaan dan ook nie ver-skyn nie!
- En die heel ergste van alles vir die mensdom: Ons sal dan nooit in die ewige saligheid ingaan nie.

Daarom het hy baie ontsteld en hartseer geword en bitterlik gehuil! Die huilery het blykbaar 'n hele tyd (= baie lank) geduur. *Lank aanhou* beteken hier *tydloos* omdat daar nie tyd in die hiernamaals is nie.

Vers 5

Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek. (Openbaring 5:5 AFR53)

'n Ouderling kom om Johannes te troos. Waarom 'n ouderling?

- Hy wys op die verlossingswerk van die Here Jesus Christus.
- Hier en in Openbaring 7:3 is dit elke keer 'n ouderling wat die praatwerk doen.

Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat beklee is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?

(Openbaring 7:13 AFR53)

Omdat dit elke keer oor die verlossingswerk van die mensdom gaan, is dit elke keer 'n ouderling.

- Engele is nie verlos nie –
 - hulle het gesondig en is verlore, of
 - hulle het nie gesondig nie en is steeds by God.

Die troos aan Johannes was dat die raad van die Here tog gaan gebeur, al was daar nie 'n skepsel wat die seëls kon breek nie. Die Lam kon dit wel doen.

- Die Een wat die boek kon oopmaak, is die Een wat belowe is (en wat gebore is en geleef en gesterf het) uit die stam van Juda.
- Hy is 'n nasaat van Dawid – dus: die Here Jesus Christus.

Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Ísai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra;

(Jesaja 11:1 AFR53)

En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Ísai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees. (Jesaja 11:10 AFR53)

Die ouderling wys spesifiek op die oorwinning van die Lam.

- Hy het oorwin om die boek oop te maak!
- Hy het die sewe seëls gebreek!

Let op na die tydsvorm:

- Die Lam het reeds die oorwinning behaal, en
- Hy het reeds die seëls gebreek.
- Hy is dus reeds besig om die raadsplan van God te ontvou!

Hy het dus ook reeds die reg van God volbring in sy oorwinning!

- Daarom word Hy die Leeu uit die stam van Juda genoem.
- Leeu is die simbool van krag en oorwinning.

Kyk hoe word die profesieë uit die Ou Testament in hulle vervulling hier aangetoon:

Juda is 'n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag? Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.

(Genesis 49:9-10 AFR53)

Die Here Jesus se stryd en oorwinning word ook duidelik geopenbaar:

Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. (1 Petrus 5:8 AFR53)

Dis die een wat deur die Here Jesus verslaan is.

- Die duiwel boots die Here se raadsplan na: Hy wil ook 'n leeu wees. Maar in sy "leeuskap" brul hy en hy verskeur en vreet op. (*Hy is nie in staat om te red nie.*)
- Die Here – in sy Leeuskap – oorwin en red en verlos.

Johannes sien dieselfde dinge wat hy vantevore gesien het, maar gee dit verskillend weer. Die openbaring van God is so groot dat alles nie met een waarneming (en beskrywing) ingeneem kan word nie.

Vers 6

En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. (Openbaring 5:6 AFR53)

En ek het gesien, en kyk ... *(Hy hét gekyk, maar sien nou weer iets anders raak!)*

Hierdie woorde openbaar weer die verstomming van Johannes omdat hy dinge sien wat hy nie eers geweet het dat dit bestaan of dat so iets moontlik is nie! *(Hy sien dus nuwe goed elke keer wat hy kyk – die openbaring van God is net te groot!)*

in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam ...

Vir die eerste keer let hy op dat die Lam daar staan.

- Hy verwys na die plek waar die Lam staan – dis die plek waarna hy nou al die hele tyd kyk!
- Dis dieselfde plek waar die vier lewende wesens is en ook dieselfde plek waar die vier en twintig ouderlinge met hulle krone is.
- Johannes het al na daardie spesifieke plek gekyk, maar nie die Lam gesien nie.

Die beskrywing van die Lam gaan nou verder:

- **... 'n Lam asof Hy geslag is,**
- **met sewe horings en**
- **sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uit-gestuur is oor die hele aarde.**

Die Lam wat lyk asof Hy geslag is, openbaar dat die Here Jesus daar voor die troon van God die tekens dra van die gewelddadige manier waarop Hy doodgemaak is.

- Die Lam het dus – toe Johannes die openbaring gehad het – nog steeds die wonde van die kruisiging aan sy liggaam! *(Jesus is daar op die troon in die liggaam waarmee Hy gekruisig is en opgevaar het hemel toe. Dus: Ons liggeme nou sal dieselfde wees in die hemel maar net volmaak!)*
- Die uitdrukking *die Lam van God* is 'n baie ou open-baringsbeeld wat reeds van die instelling van die pasga af kom. Later is die beeld ook deur die profete gebruik. Nog later deur die apostels.
- Vergelyk hiervoor die volgende Skrifgedeeltes:

Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. (Jesaja 53:7 AFR53)
(Die beeld hier is dat as 'n lam geslag word, hy nie 'n geluid maak nie, en Jesus, die Lam, het ook nie geluide gemaak in sy lyding nie.)

Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! (Johannes 1:29 AFR53)

... en toe hy Jesus sien wandel, sê hy: Dáár is die Lam van God! (Johannes 1:36 AFR53)

En die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dít: Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy sy mond nie oop nie.

(Handelinge 8:32 AFR53)

... omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewens-wandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil,

(1 Petrus 1:18-20 AFR53)

Die woord *Lam* dra die volgende simboliese betekenis:

- Dis die simbool van iemand/iets wat homself oorgee.
- Dis die simbool van 'n offer.
- Dit is dus ook die simbool van versoening – in hierdie geval versoening deur die Here Jesus se selfoorgawe.

... met sewe horings

- Die krag van die Lam word deur sy sewe horings ge-simboliseer.
- Die sewe horings simboliseer die heerskappy van die Lam.
- Sewe is die getal van die volheid van God.

Vergelyk vir die betekenis van die horings die volgende uit-sprake:

En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier.

(Openbaring 17:12 AFR53)

Die wat met die HERE twis, word verpletter; oor hulle donder Hy in die hemel; die HERE oordeel die eindes van die aarde, en Hy gee sterkte aan sy koning en verhef die horing van sy gesalfde. (1 Samuel 2:10 AFR53)

(75:11) En ek sal al die horings van die goddelose mense stukkend breek; die horings van die regverdige sal verhef word. (Psalm 75:10 AFR53)

Die Here Jesus is die Koning van die ganse heelal.

- Hy is dit kragtens sy selfopoffering deur te sterf tot ver-soening en herskepping deur sy dood.
- Daarby is Hy deur God daartoe verordineer.
- Kragtens sy oorwinning oor die dood het Hy die krag om sy koningskap uit te oefen.
- Daarby besit Hy die nodige Geestesgawes.

... en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.

Die Lam het sewe oë wat terselfdertyd die sewe Geeste van God is.

- Die sewe oë sien op die alsiendheid van die Here. Daar is niks wat sy aandag ontgaan nie.
- Die alsiendheid is terselfdertyd ook die alomteenwoordig-heid van die Here.

- Die alomteenwoordigheid van die Here is ook weer die-selfde as sy Geestelike (Heilige Gees) teenwoordigheid, want God is Gees en Hy kan deur niks uitgesluit word nie – en kan ook deur niks ingesluit word nie!

Daarom gaan die beskrywing van die Lam oor daarin dat die Here openbaar dat Hy toegerus is met God die Heilige Gees.

- Hy was van altyd af een met die Heilige Gees.
- Vergelyk die volgende tekste:

en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterk-te, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE. (Jesaja 11:2 AFR53)

Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, (Openbaring 1:4 AFR53)

En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood. (Openbaring 3:1 AFR53)

Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek. (Openbaring 5:5 AFR53)

Die Here Jesus is dus toegerus met die volheid van die Gees van God.

- Hy is dus voluit God: een Persoon van die Drie-enige God.

Die sewe Geeste is uitgestuur oor die hele aarde.

Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe – die oë van die HERE wat die ganse aarde deur-loop – met blydschap die skietlood aanskou in die hand van Serubbábel? (Sagaria 4:10 AFR53)

Die rede daarvoor is voor die hand liggend:

- Die Here Jesus Christus is deur sy Gees werksaam oor die hele aarde.
- Op dié manier heers en regeer Hy oor alles en almal – alles en almal is dus deel van sy Koningsgebied!
- Sy regering oor ons is dus dat ons die heerlijkheid en lof van God moet vertel en aanbid.

Vers 7

Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit; (Openbaring 5:7 AFR53)

Die Lam gaan vorentoe en neem die boek uit God se hand.

- Van hierdie oomblik af bly dit in sy hande – dit word nie weer vir iemand anders gegee nie.
- Wat maak die Lam daarmee? Hy gebruik dit as program (werksdokument/grondplan) vir die uitvoering van sy wêreldregering.

- As Seun van God besit Hy met die Vader en die Heilige Gees Goddelike soewereiniteit. Hy is almagtig en kan vryelik besluit wat en waar Hy dit wil doen.

MAAR

- In hierdie gedeelte word Hy geopenbaar as die Middelaar. Hy wat sy bloed gestort het en sy lewe afgelê het op die aarde – waar Johannes dit alles gesien gebeur het! Hy word hier waar Johannes dit weer sien, verhoog tot die troon van God.
- Hy word verhoog as die Lam wat geslag **was** – maar opgestaan het uit die dood sodat Hy nou lewendig (opgewek uit die dood) die opdrag ontvang om die wêreld-regering uit te voer. Die wêreldregering sentreer juis in sy verlossingswerk. Dit word verseël in sy dood.

Vergelyk hiervoor:

Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het. (Handelinge 2:36 AFR53)

Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.

(Johannes 5:22-23 AFR53)

NB: Dit beteken nie dat God die Vader die regering en beskikking oor die wêreld uit sy hande laat uitgaan het omdat Hy dit aan die Seun oorhandig het nie!

- Hy het ook nie daarmee van sy troon afstand gedoen nie.
- Hy het op sy troon bly sit!
- Hy regeer bloot deur die Lam. Deur die Lam stuur Hy die geskiedenis van die wêreld tot 'n volmaakte einde waarin Hy verheerlik word.

Die Here Jesus regeer dus die wêreld volgens die Raad van God en met die krag van God.

Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.

(Johannes 5:19 AFR53)

Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.

(Johannes 5:30 AFR53)

Vers 8

... en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met sifers en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. (Openbaring 5:8 AFR53)

Die Lam het die boek ontvang uit God se hand, met ander woorde:

- Hy word bemagtig om as wêreldheerser in God se Naam op te tree.
- Hy word ook bemagtig om God se wil en raadsbesluit uit te voer.

Op daardie oomblik val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer!

- Dit beteken dat die hele kerk die Lam huldig met lof en aanbidding!
- Die ouderlinge is die verteenwoordigers van die hele kerk wat vrygekoop is met die bloed van die Lam.

Hulle huldig die Lam as hulle Here en as hulle Koning.

- Hulle erken en huldig Hom as die Regeerder en Bestuur-der van die hele wêreldgeskiedenis.

... elkeen met sifers ...

Elke ouderling het 'n sifer – dit het Johannes tot nou toe ook nog nie raakgesien nie!

- Dis die eerste keer dat Johannes waarneem dat mense in die hemel musiek maak!
- Al skryf Johannes dit nie neer nie, gebruik die ouderlinge die sifers om die Lam mee te loof.

Vrae:

- *Het hulle gesing terwyl hulle sifer speel?*
- *Sal alle mense in die hemel musiekinstrumente kan bespeel?*
- *Sal jy daarvan hou om te kan sifer speel?*
- *Hoe lyk 'n sifer?*

... en goue skale vol reukwerk ...

Elke ouderling het ook 'n goue bak in sy hand.

- Die bakke lyk vir Johannes soos skaalbakke –
 - vir ons is die skale wat die twee bakke weerskante gehad het, outyds! Vir hom was dit gewoon dit wat in gebruik was!
- In die skaalbakke is wierook.
- Die skaalbakke is van goud – wat dui op die heerlikheid van hulle amp en die kwaliteit van hulle werk.

... wat die gebede van die heiliges is.

- Die wierook is die simbool van die gebede van die heiliges. Engele is nie heiliges nie – net geredde mense is heiliges. Die ouderlinge bring dus die kerk – waarvan hulle die ouderlinge is – se gebede na die Lam/Here Jesus toe en kom bied dit aan tot sy lof en eer.
- Die heiliges is almal juis deur die Lam se bloed met God versoen oor al hulle sondes. Daarom is hulle al die gebede van dank aan Hom verskuldig – Hy is die Oorsaak dat hulle vrygespreek is!

Die daad waarmee die ouderlinge die bakke vol gebede vir die Lam aanbied, openbaar die feit dat die ouderlinge die kerk waar hulle werk, verteenwoordig.

Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydschap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.

(Hebreërs 13:17 AFR53)

Vraag: Is dit dan nie gevaarlik om 'n ouderling te wees as jy nie in jou werk getrou is nie?

Vers 9 en 10

Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, (Openbaring 5:9 AFR53)

en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.

(Openbaring 5:10 AFR53)

Hulle sing 'n lied. Ons verneem van Johannes dat dit 'n nuwe lied is.

- Die lied – die woorde en die wysie – is nog nooit tevore gehoor nie.
- Dink jou in – die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens sing 'n lied tot eer van die Lam terwyl hulle hulleself met die siters begelei!

Die eerste vraag is: Waarom sal hulle die lied wil sing?

Onthou die oomblik, dis belangrik!

- Die Here Jesus het die troon bestyg, en
- Hy het die raadsplan van God ontvang.

Die skepsele wat almal verlos is, het die behoefte om die Lam te loof as hulle ewige Verlosser!

Die inhoud van die lied word ook bekendgemaak:

- Die ouderlinge en die vier lewende wesens sing die Lam die lof toe omdat Hy waardig is om die boek te kan ontvang uit die hand van God.
- Hy is waardig om die seëls oop te maak en die inhoud bekend te maak deur die inhoud uit te voer.
- Die verhouding tussen die Lam en die kerk – asook sy werk ter wille van sy kerk – word in die lied geopenbaar.

Wat het die Lam gedoen – wat dus in die boek geskryf staan?

- Hy is geslag – Hy is gekruisig.
- Daardeur het Hy ons met sy bloed gekoop – dit is:
 - Die Lam het die hele gemeente/kerk van God deur sy selfoffer aan die kruis vrygemaak van die magte van die hel.
 - Hy het die kerk (= die verlore lidmate!) verhoog tot konings en priesters wat tot eer van God in sy koninkryk mag wees! (*Ons hoort nie daar op grond van ons eie verdienste nie.*)
- Die Here Jesus se werk het 'n universele karakter: Hy het mense (sondaars) verlos **uit elke stam en taal en volk en nasie.**

Vraag: Was/is die vier en twintig ouderlinge dus ook uit elke stam en taal en volk en nasie?

Hierdie lied lê baie sterk klem op die versoening en loskoop wat deur die werk van die Here Jesus tot stand gekom het.

- Die Here Jesus het sy kerk (gemeente) nie net uit een groep mense op die aarde gaan haal nie – hulle kom uit die ganse mensheid!
- Hy het hulle versamel uit alle soorte mense wat op die aarde bestaan:
 - **Stam** – bedoelende die afkoms van 'n mens. Dit sluit dinge in soos jou oorsprong, familieverband-skappe, bloedverwantskap.
 - **Taal** – bedoelende die eenheid tussen mense waarvolgens hulle dink en dinge uitbeeld. Dit gaan oor hulle voorstellingswêreld en hulle sielsbestaan.
 - **Volk** – 'n volk is 'n staatkundige eenheid (normaalweg onder dieselfde politieke bestuur).
 - **Nasie** – onder die term *nasie* word normaalweg 'n groep mense verstaan wat dieselfde leefwyse en sedes het.

Die Here Jesus maak die gekooptes en gelowiges 'n koninkryk van God.

- Die onderdane in die koninkryk is **priesters** wat heilige diens vir God verrig.
- Maar hulle is ook **konings**. Dit word twee keer beklemtoon. (*Koningskap word dubbel beklemtoon omdat die Lam daar gaan wees, met ander woorde, ons gaan dit dus maklik regkry.*)
 - ... **ons konings**
 - ... **vir onse God gemaak**
 - ... **sal as konings op die aarde heers ...**

Die koningskap word waarskynlik dubbeld beklemtoon omdat dit juis die gebied was waar Adam en Eva nie die mas kon opkom nie (kon nie gehoorsaam wees en heers nie). In die hiernamaals sal ons daardie amp met gemak kan nakom omdat die Lam ons daarvoor bekwaam maak!

In hierdie lied is ons dus al in die toestand waarin ons in die ewigheid sal wees!

Vers 11 en 12

Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende; (Openbaring 5:11 AFR53)

en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlijkheid en lof. (Openbaring 5:12 AFR53)

Vraag: Hoeveel engele is daar? En hoeveel van hulle is op enige gegewe oomblik by die Here se troon?

Die getal van die engele wat hier genoem word, is duiwel-wekkend – **tien duisende van tienduise en duisende van duisende.**

- NB: Die getalle word in die meervoud gestel.
- Dis letterlik miljoene engele wat op daardie oomblik om die troon was toe Johannes hulle gesien het. (*Net op daardie oomblik! So, dink net hoe baie engele daar is!*)

Johannes is nie die enigste een wat hierdie geweldige getal engele gesien het nie. Die Here het Daniël ook hierdie groot getal engele laat sien!

... 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. (Daniël 7:10 AFR53)

- Dink net hoe baie was daar aan die begin, want ons weet dat een derde van die engele in sonde geval het. Hulle is dus nie hier bygetel nie!
- Dis ook 'n vraag of alle engele op daardie oomblik daar by die troon van die Here teenwoordig was.
 - Die antwoord is dat hulle waarskynlik nie almal daar was nie,
 - want die mense (die volle uitverkore kerk van die Here) was ook nie daar nie;
 - net hulle verteenwoordigers, die ouderlinge, was daar!

Hierdie geweldige getal engele bevestig die dank en die aan-bidding wat deur die ouderlinge (namens die kerk) aan die Lam gebring word.

- Hulle doen dit met een stem – met ander woorde, met 'n magtige, groot (harde?) stem.
- Die inhoud van hulle (praat)koor is dat hulle aan die Lam eer en dank gee omdat Hy die wysheid en die krag het om die boek te ontvang en oop te maak. Met ander woorde, om die verlossing en voleinding waar te maak met sy soendood en oorwinning.

Alle skepsele aanbid en prys Hom dus gesamentlik!

Vers 13

En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! (Openbaring 5:13 AFR53)

Hierdie vers weergee die inhoud van die lied/praatkoor.

Ons lees in Romeine 11:36 en in 1 Korintiërs 8:6 die volgende:

Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.

(Romeine 11:36 AFR53)

... tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom. (1 Korintiërs 8:6 AFR53)

In hierdie gedeelte van die boek Openbaring kom ons agter wat daardie woorde inderdaad beteken: Dit is gerig op die ver-heerliking van God **uit wie, deur wie en tot wie** alle dinge is!

- Alle skepsele – engele, geeste en mense – in die ganse hemel en op die hele aarde en onder die aarde en oral in die see en waar hulle ook al mag wees, is besig met hierdie lofsang.
- Hulle loof God wat op die troon is en die Lam – **Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam ...**
- Maar hulle loof ook God se bestel in die werk en die grootheid van die Lam.

Uiteraard kan ons seker wees dat die duiwel en al sy aanhangsels nie saam gesing het nie; maar hulle sou wel hierdie lof- en danklied gehoor het, want hulle was dié wat in die Lam se oorwinningsproses deurgeloop het en verslaan is!

... kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid!

In hierdie woorde word die alleroorheersende Goddelike almag besing. Daar word 'n lidwoord by elke selfstandige naamwoord bygevoeg – wat nie in Grieks normaalweg gedoen word nie.

- Dit beteken dat dit nie net lof en eer en heerlijkheid en krag is nie.
- Dis lof en eer en heerlijkheid en krag wat meer is as wat ons met ons verstand kan bykom! Daarom is dit: **die** lof en **die** eer en **die** heerlijkheid en **die** krag.
- Die woorde **tot in alle ewigheid** is om die **die** voor elkeen van hierdie eienskappe van God te beklemtoon – dit hou nooit op om te bestaan nie.
- Dis in grootte en in tyd grensloos!

Vers 14

En die vier lewende wesens het gesê: Amen! En die vier en twintig ouderlinge het neergeval en Hom aanbid wat lewe tot in alle ewigheid. (Openbaring 5:14 AFR53)

Die vier lewende wesens is die verteenwoordigers van alles wat in die skepping bestaan.

- Hulle bevestig hierdie doksologie (roemlied!) aan God en die Lam met die woord **Amen.**
- Dit is waaragtig die waarheid!

As bevestiging van die *amen* val die ouderlinge, die verteenwoordigers van die kerk van die Here, weer in aanbidding neer!

- So herhaal hierdie aanbidding en lofprijsing tot in ewigheid.
- Dis 'n voortgaande proses van aanbidding en lofprijsing wat nêrens en nooit ophou nie!

Met beurtsange en praatkore wissel alles wat geskape is mekaar af om in 'n vasgestelde orde mekaar af te wissel met verstommende dank en verheerliking van God en die Lam.